Die Woord van God

Uittreksel van Pastoor Neser se preek b78A Eng/Afr.

Skriflesing uit: Heb.4:9-13

Kernvers: 12-'Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.'

Graag wil ek met u 'n paar gedagtes deel oor die krag van God se Woord – dit is nie 'n gewone Woord nie. Die Woord van God is lewend en kragtig en werkend. God het gespreek en alles wat bestaan, het tot stand gekom en alles wat tasbaar is het in wording gekom.

'n Mens kan dit nie peil of verstaan nie, ons moet dit net glo. As ons egter ons harte vir God oopmaak sal hierdie Woord in ons harte kan begin werk soos toe dit uit die mond van God uitgegaan het en die ganse skepping ontstaan het.

Ons moet God se Woord neem en dit glo soos 'n kind, maar meeste van ons is so geneig om dit te wil uitpluis en ontrafel, min wetende dat as ons dit net wil glo sal God deur sy Woord vir ons die wysheid gee om dit te begryp.

Jesus het vir Martha gesê: 'As jy kan glo sal jy die heerlikheid van God sien'. Jesus het ook gesê dat die letter doodmaak maar dat die Gees lewend maak….en die Woorde wat Ek tot julle spreek is lewend.

God se Woord kan in ons harte inkyk en die gedagtes daarvan ken. Die diep en wonderlike geheimenis wat ons nie kan begryp nie is dat die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het…..